# PARLIAMENT OF THE PROVINCE OF THE WESTERN CAPE

===============

# ORDER PAPER

===============

THURSDAY, 18 JUNE 2026

**HOUSE: 14:15**

**SPEAKER'S DEBATE**

From classroom to Career: Building pathways to jobs, skills and opportunity for young people in the Western Cape.

---

**FURTHER BUSINESS**

**NOTICES OF MOTION *(11 June 2026)***

1. Mr M K Sayed: That the House notes with concern the recurring impact of the severe winter weather, flooding, fires and other disasters on vulnerable communities across the Western Cape, particularly on informal settlements; further notes that these disasters are often worsened by inadequate infrastructure, weak local preparedness, poor drainage, overcrowding and the absence of organised community-level disaster response structures; recognises that disaster management cannot only be reactive, but must prioritise prevention, preparedness, early warning, community participation and clear coordination between residents, municipalities and the provincial government; supports the establishment of community disaster management committees in vulnerable communities, including Sir Lowry's Pass Village, to strengthen risk assessment, communication, shelter coordination, first aid support, infrastructure monitoring and assistance to vulnerable persons; commends community leaders of Sir Lowry's Pass Village for amplifying this proposal; calls on the Western Cape Government and municipalities to assist communities urgently to establish these structures before the winter intensifies; and calls for proper oversight and reporting to ensure poor communities are protected, prepared and not left behind.

2. Ms N D Nkondlo: That the House notes the recent compliance operations led by the Department of Employment and Labour, in conjunction with the South African Police Service and the Department of Home Affairs, at construction sites in Cape Town's CBD, which resulted in the arrest of at least 27 undocumented foreign nationals found working

on a major construction project in Bree Street; further notes that these inspections form part of a broader effort to enforce South Africa's labour and immigration laws and to protect vulnerable workers from exploitation; acknowledges that employers who knowingly employ undocumented workers often undermine labour standards, suppress wages and place compliant businesses at a competitive disadvantage; recognises that these operations demonstrate the importance of proactive labour inspections and effective enforcement; therefore commends the Department of Employment and Labour for taking decisive action to uphold the rule of law and protect the integrity of South Africa's labour market; further notes with concern that these developments come almost two years after the tragic George building collapse exposed serious shortcomings in labour compliance and oversight in the construction sector, yet the DA-led provincial government has failed to demonstrate the same urgency in rooting out illegal labour practices and ensuring stricter enforcement across construction sites in the Western Cape; and therefore calls on the provincial government to work more closely with the national authorities to ensure full compliance with labour and immigration laws throughout the province.

3. Ms R Windvogel: That the House notes with grave concern the traumatic experience endured by Mr Alvin Collins, a Mitchells Plain resident, who has lodged a formal complaint against the Western Cape Department of Health and Wellness following allegations of excessive waiting times, overcrowding, inadequate patient care, poor communication and undignified treatment at public healthcare facilities; further notes that this incident is not an isolated occurrence, but forms part of a growing pattern of complaints from residents across the province regarding the deteriorating state of healthcare services under the DA-led Western Cape Government; further notes that, while the Democratic Alliance continues to market the Western Cape as a model of good governance, the lived reality of many residents is one of overburdened hospitals, understaffed facilities, prolonged waiting periods and increasing barriers to accessing quality healthcare, particularly in working-class and historically disadvantaged communities; recognises that access to quality healthcare is a constitutional right and that no resident should be subjected to unnecessary suffering, indignity or delays when seeking urgent medical treatment; and therefore calls on the provincial government and the Minister of Health and Wellness to provide a full account of the circumstances surrounding this matter, to address the systemic challenges facing public healthcare facilities urgently, and to take decisive action to ensure that all residents of the Western Cape receive the quality, dignity and care they deserve.

4. Ms A P Bans: That the House notes with concern the Premier's First Thursdays Initiative, which is presented as a platform to bring the government closer to the people, but which in its current form appears to function primarily as a public relations exercise aimed at creating a positive image of the Democratic Alliance administration, rather than meaningfully addressing the challenges faced by communities across the Western Cape; further notes that these engagements are consistently hosted in the Cape Town central business district, a location that remains inaccessible to many working-class residents, township communities, rural residents, farm workers, unemployed youth, pensioners and people living with disabilities who are most dependent on government services; acknowledges that, while public participation and government accessibility are important democratic principles, they must be implemented in a manner that reaches communities where the need is the greatest and where residents continue to experience poverty, unemployment, crime, inadequate housing, failing infrastructure and limited access to essential government services; recognises that meaningful public engagement cannot be

confined to the corridors of government buildings in the city centre, while the lived realities of millions of Western Cape residents remain largely removed from these engagements; calls on the Premier and the provincial government to decentralise the First Thursdays Initiative by taking it directly into townships, informal settlements, rural towns and working-class communities across the province, allowing residents to engage with the provincial Cabinet and senior government officials in their own communities; and further calls on the provincial government to ensure that future public engagement programmes prioritise accessibility, inclusivity and responsiveness to the real needs of communities rather than serving as image-building exercises for the governing party.

5. Ms A P Bans: That the House notes with serious concern the incident at the Sikelela Primary School in Crossroads, where at least 19 learners reportedly fell ill and required medical attention after allegedly consuming food products purchased from informal vendors operating near the school; further notes that several learners had to be transported to healthcare facilities for treatment, causing distress to parents, educators and the broader community; recognises that this incident has once again highlighted the urgent need for stronger food safety monitoring and enforcement measures around schools; further notes that children from poor and working-class communities are often exposed to unsafe food products sold in the vicinity of schools due to weak regulation, inadequate inspections and poor coordination between the relevant authorities; notes that the safety and well-being of learners cannot be compromised by failures in oversight and enforcement; and therefore calls on the Western Cape Government, the Minister of Education, the Minister of Health and Wellness and the City of Cape Town to investigate the circumstances surrounding this incident urgently, to strengthen food safety inspections around schools, to intensify public awareness campaigns, and to implement measures to ensure that no learner is exposed to potentially harmful food products while pursuing their constitutional right to education.

6. Mr M B N Nqgentsu: That the House commends the *Cry of the Excluded* for convening a People's Assembly on 5 June 2026 in Guguletu aimed at building a broad Popular Front for service delivery, jobs, dignity and social justice for the people of the Western Cape; acknowledges that the Assembly will bring together social movements, community organisations, unemployed formations, civic structures and activists from across the province to deliberate on the pressing challenges facing working-class communities in the Western Cape; recognises that the Assembly is convened against the backdrop of a deepening chronic crisis of under-development characterised by unemployment, poverty, inequality, collapsing municipalities, corruption, violent crime, hunger and the continued marginalisation of working-class communities; notes that the objective of this initiative is to build a principled and united popular front capable of defending communities, strengthening grassroots struggles, advancing people's demands, and promoting democratic participation in the struggle for a better life for all; and therefore calls for the support for and the welcoming of the People's Assembly as an important platform for community mobilisation, popular participation and collective action in pursuit of social and economic justice for the people of the Western Cape.

7. Mr M B Ngqentsu: That the House condemns the reckless conduct of the Chairperson of the National Assembly Police Portfolio Committee, Ian Cameron, for his repeated habit of taking sensitive policing and security matters into the public domain in a manner that risks undermining the operational effectiveness of law enforcement agencies; acknowledges that South Africa faces a deep crisis of violent crime, organised criminality and attacks on law

enforcement personnel, requiring responsible leadership and the safeguarding of security information; further notes with concern that Ian Cameron has increasingly used his position as Chairperson to wage political battles and conduct public campaigns that blur the line between legitimate oversight and political grandstanding; recognises that parliamentary oversight must strengthen, not weaken, the capacity of the police to combat crime and protect communities; believes that the public disclosure of sensitive security matters for political mileage serves neither transparency nor accountability, but instead risks emboldening criminal elements and undermining public confidence in state institutions; therefore calls on this House to condemn Ian Cameron's irresponsible approach to matters of national security and policing, and to reaffirm that oversight must be exercised in a manner that protects the security interests of the Republic and the operational integrity of the South African Police Service.

8. Mr M B Ngqentsu: That the House notes with grave concern the mass shooting that occurred in Nyanga on 2 June 2026, in which four people lost their lives and two others were critically injured in a suspected taxi-related attack; further notes that this incident, together with recent killings and circulating threatening voice notes linked to tensions in the taxi industry, has the potential to undermine the recent peace commitments made by Cata and Codeta, which were welcomed by communities across the province; acknowledges that recurring violence continues to instil fear and insecurity in working-class townships, where residents are too often caught in the crossfire of criminal and taxi-related disputes; expresses deepest condolences to the families of the deceased and wishes a speedy recovery to those injured; calls on the SAPS to apprehend urgently those responsible and to utilise all available resources, including footage from the City of Cape Town's CCTV camera network, to assist investigations and secure successful prosecutions; notes with concern that, despite repeated claims regarding the value of the City's surveillance infrastructure in fighting crime, residents of working-class townships continue to experience devastating incidents of violence, raising serious questions about whether these systems are adequately deployed and effectively utilised in communities most affected by crime; further calls on the Western Cape Government to strengthen crime prevention initiatives, to improve community safety interventions, and to work towards lasting solutions to recurring taxi-related violence and other forms of violent crime affecting communities across the province; and reaffirms that all residents have the right to live in safe and secure communities free from fear, violence and lawlessness.

9. Ms P Z Lekker: That the House notes with serious concern reports that a Sea Point resident has suffered extensive property damage allegedly caused by ongoing construction activities of a neighbouring multi-storey development, including damage to a boundary wall, cracked windows, structural disturbance and severe noise and environmental disruption; further notes that the resident has raised these concerns with the City of Cape Town, the ward councillor and the developers, but continues to experience significant disruption to her home and property as construction proceeds adjacent to her residence; further notes that this incident highlights the growing tensions between rapid urban densification and the protection of existing residents' property rights, particularly in high-density development zones, such as Sea Point, where construction activity has intensified and has, in some instances, raised concerns about compliance with building standards, enforcement of setback regulations, and the adequacy of monitoring mechanisms by the relevant authorities; notes that residents are increasingly being left to pursue costly legal remedies in order to protect their homes and to ensure accountability; recognises that, while

urban development is necessary for economic growth and spatial transformation, it must not come at the expense of residents' constitutional rights to property, safety and an environment that is not harmful to their well-being; and therefore calls on the City of Cape Town and the relevant provincial authorities to investigate the allegations of damage urgently, to ensure strict compliance with the approved building plans and construction regulations, to strengthen enforcement mechanisms, and to provide the affected residents with appropriate recourse and protection where negligence or non-compliance is identified.

*See also:* Ms N D Nkondlo (p 10); Ms B Stoffel (p 10); Ms P Z Lekker (p 10); Ms A P Bans (p 10); Mr K Brinkhuis (p 11); Mr T C R Walters (p 11); Mr D W Bryant (p 12); Mr D J Wessels (p 12); Mr P Johnson (p 12); Ms W F Kaizer-Philander (p 12); Ms R Windvogel (p 12); Ms P Z Lekker (p 13); Ms N D Nkondlo (p 13); Ms N D Nkondlo (p 14).

# PARLEMENT VAN DIE PROVINSIE WES-KAAP

===============

# ORDELYS

===============

DONDERDAG, 18 JUNIE 2026

**HUIS: 14:15**

**SPEAKERSDEBAT**

Van klaskamer tot loopbaan: Die bou van paaie na werk, vaardighede en geleenthede vir jongmense in die Wes-Kaap.

---

**VERDERE WERKSAAMHEDE**

**KENNISGEWING VAN VOORSTELLE** ***(11 Junie 2026)***

1. Mnr M K Sayed: Dat die Huis met kommer kennis neem van die herhaalde impak van die gure winterweer, oorstromings, brande en ander rampe op weerlose gemeenskappe in die Wes-Kaap, veral op informele nedersettings; verder kennis neem dat hierdie rampe dikwels deur onvoldoende infrastruktuur, swak plaaslike gereedheid, swak dreinering, oorbevolking en die gebrek aan georganiseerde strukture vir rampreaksie op gemeenskapsvlak vererger word; erkenning gee dat rampbestuur nie net reaktief moet wees nie, maar voorkoming, gereedheid, vroeë waarskuwing, gemeenskapsdeelname en duidelike koördinering tussen inwoners, munisipaliteite en die provinsiale regering moet prioritiseer; die vestiging van gemeenskapskomitees vir rampbestuur in weerlose gemeenskappe steun, insluitende Sir Lowry's Pass Village, om risikobeoordeling, kommunikasie, koördinering van huisvesting, noodhulpbystand, monitering van infrastruktuur en bystand aan weerlose persone te versterk; gemeenskapsleiers van Sir Lowry's Pass Village loof omdat hulle hierdie voorstel versterk; 'n beroep doen op die Wes-Kaapse Regering en munisipaliteite om gemeenskappe te help om hierdie strukture dringend te vestig voordat die winter erger word; en 'n beroep doen op behoorlike toesig en verslagdoening om toe te sien dat arm gemeenskappe beskermd en voorberei is en nie agterweë gelaat word nie.

2. Me N D Nkondlo: Dat die Huis kennis neem van die onlangse nakomingsoperasies onder leiding van die Departement van Indiensneming en Arbeid, in samewerking met die Suid-Afrikaanse Polisiediens en die Departement van Binnelandse Sake, by boupersele in die

Kaapse middestad, wat die inhegtenisneming van minstens 27 ongedokumenteerde buitelanders tot gevolg gehad het wat aan 'n groot bouprojek in Breestraat gewerk het; verder kennis neem dat hierdie inspeksies deel van 'n groter poging is om Suid-Afrika se arbeids- en immigrasiewette toe te pas en om weerlose werkers teen uitbuiting te beskerm; erkenning gee dat werkgewers wat ongedokumenteerde werkers doelbewus in diens neem, dikwels arbeidstandaarde ondermyn, lone onderdruk en 'n nadelige uitwerking het op mededinging vir sakeondernemings wat aan die vereistes voldoen; erkenning gee dat hierdie operasies 'n bewys van die belangrikheid van proaktiewe arbeidsinspeksies en doeltreffende toepassing is; dus die Departement van Indiensneming en Arbeid loof vir die beslissende optrede om die oppergesag van die reg te handhaaf en die integriteit van Suid-Afrika se arbeidsmag te beskerm; verder met kommer kennis neem dat hierdie gebeure plaasvind byna twee jaar nadat die tragiese gebou-ineenstorting in George ernstige tekortkomings in arbeidsnakoming en toesig in die konstruksiebedryf blootgelê het, maar dat die DA-beheerde provinsiale regering versuim het om dieselfde dringendheid te toon om onwettige arbeidspraktyke uit te roei en sterker toepassing by boupersele in die Wes-Kaap te verseker; en dus 'n beroep doen op die provinsiale regering om nouer met die nasionale owerhede saam te werk om algehele nakoming van arbeids- en immigrasiewette in die provinsie te verseker.

3. Me R Windvogel: Dat die Huis met diepe kommer kennis neem van die traumatiese ervaring wat mnr Alvin Collins, 'n inwoner van Mitchells Plain, verduur het, wat 'n amptelike klagte teen die Wes-Kaapse Departement van Gesondheid en Welstand gelê het ná bewerings van uiters lang wagtye, oorvol omstandighede, onvoldoende pasiëntversorging, swak kommunikasie en onwaardige behandeling by fasiliteite vir openbare gesondheidsorg; verder kennis neem dat hierdie voorval nie 'n geïsoleerde gebeurtenis is nie, maar deel van 'n toenemende patroon van klagtes van inwoners in die provinsie oor die verbrokkelende toestand van gesondheidsorgdienste onder die DA-beheerde Wes-Kaapse Regering is; verder kennis neem dat, terwyl die Demokratiese Alliansie voortgaan om die Wes-Kaap as 'n model vir goeie bestuurstoesig te bemark, oorlaaide hospitale, onderbemande fasiliteite, verlengde wagtye en toenemende struikelblokke om toegang tot gesondheidsorg van gehalte te verkry, die werklikheid is van talle inwoners, veral in werkersklas en voorheen benadeelde gemeenskappe; erkenning gee dat toegang tot gesondheidsorg van gehalte 'n grondwetlike reg is en dat geen inwoners aan onnodige lyding, onwaardigheid en vertragings blootgestel moet word wanneer hulle dringende mediese behandeling nodig het nie; en dus 'n beroep doen op die provinsiale regering en die Minister van Gesondheid en Welstand om 'n volledige verslag oor die omstandighede van hierdie aangeleentheid te verskaf, om dringend aandag te skenk aan die sistemiese uitdagings wat fasiliteite vir openbare gesondheidsorg die hoof moet bied, en om beslissende stappe te doen om toe te sien dat alle inwoners van die Wes-Kaap die gehalte, waardigheid en versorging ontvang wat hulle verdien.

4. Me A P Bans: Dat die Huis met kommer kennis neem van die Premier se Inisiatief vir Eerste Donderdae, wat aangebied word as 'n platform om die staat nader aan die mense te bring, maar wat in sy huidige vorm lyk asof dit hoofsaaklik 'n oefening vir openbare betrekkinge is wat ten doel het om 'n positiewe beeld van die Demokratiese Alliansie-administrasie te skep, eerder as om 'n betekenisvolle wyse aandag te skenk aan die uitdagings wat gemeenskappe in die Wes-Kaap die hoof moet bied; verder kennis neem dat hierdie skakelings voortdurend in die Kaapstadse sentrale sakekern gehou word, wat 'n

ligging is wat steeds ontoeganklik vir talle werkersklasinwoners, township-gemeenskappe, plattelandse inwoners, plaaswerkers, werklose jongmense, pensioenarisse en mense met gestremdhede is wat die meeste van staatsdienste afhanklik is; erkenning gee dat, terwyl openbare deelname en toeganklikheid tot die staat belangrike demokratiese beginsels is, dit op 'n manier ingestel moet word wat gemeenskappe bereik waar die behoefte die grootste is en waar inwoners steeds armoede, werkloosheid, misdaad, onvoldoende behuising, verbrokkelende infrastruktuur en beperkte toegang tot noodsaaklike staatsdienste ervaar; erkenning gee dat sinvolle openbare skakeling nie tot die gange van staatsgeboue in die middestad beperk kan word nie, terwyl die werklikheid van miljoene Wes-Kaapse inwoners steeds grootliks ver van hierdie skakelings verwyderd is; 'n beroep doen op die Premier en die provinsiale regering om die Inisiatief vir Eerste Donderdae te desentraliseer deur dit direk na townships, informele nedersettings, plattelandse dorpe en werkersklasgemeenskappe in die provinsie te neem, wat inwoners in staat stel om in hul eie gemeenskappe met die provinsiale Kabinet en senior staatsamptenare te skakel; en verder 'n beroep doen op die provinsiale regering om toe te sien dat toekomstige programme vir openbare skakeling toeganklikheid, inklusiwiteit en responsiwiteit op die werklike behoeftes van gemeenskappe prioritiseer eerder as om as beeldpoetsoefeninge vir die regerende party te dien.

5. Me A P Bans: Dat die Huis met ernstige kommer kennis neem van die voorval by die Primêre Skool Sikelela in Crossroads, waar minstens 19 leerders na bewering siek geword het en mediese behandeling nodig gehad het nadat hulle na bewering voedselprodukte geëet het wat by informele handelaars gekoop is wat naby die skool handel dryf; verder kennis neem dat talle leerders vir behandeling na fasiliteite vir gesondheidsorg vervoer moes word, wat angs vir ouers, opvoeders en die groter gemeenskap veroorsaak het; erkenning gee dat hierdie voorval weereens die dringende behoefte aan sterker monitering van voedselveiligheid en toepassingsmaatreëls met betrekking tot skole beklemtoon het; verder kennis neem dat kinders uit arm en werkersklasgemeenskappe dikwels aan onveilige voedselprodukte blootgestel word wat in die omgewing van skole verkoop word, weens swak regulering, onvoldoende inspeksies en swak koördinering tussen die toepaslike owerhede; kennis neem dat leerders se veiligheid en welstand nie as gevolg van mislukkings van toesig en toepassing in gevaar gestel kan word nie; en dus 'n beroep doen op die Wes-Kaapse Regering, die Minister van Onderwys, die Minister van Gesondheid en Welstand en die Stad Kaapstad om die omstandighede met betrekking tot hierdie voorval dringend te ondersoek, om inspeksies vir voedselveiligheid in die omgewing van skole te versterk, om veldtogte vir openbare bewusmaking te verhoog, en om maatreëls in te stel om toe te sien dat geen leerder aan moontlike skadelike voedselprodukte blootgestel word nie terwyl hulle hul grondwetlike reg op onderwys nastreef.

6. Mnr M B N Nqgentsu: Dat die Huis Cry of the Excluded gelukwens nadat hulle op 5 Junie 2026 'n Mensevergadering ("People's Assembly") in Guguletu byeengeroep het wat ten doel het om 'n groter Populêre Front vir dienslewering, werkgeleenthede, waardigheid en maatskaplike geregtigheid vir die mense van die Wes-Kaap op te bou; erkenning gee dat die Vergadering maatskaplike bewegings, gemeenskapsorganisasies, werkloosheidstrukture, burgerstrukture en aktiviste in die provinsie byeen sal bring om oor die dringende uitdagings te beraadslaag wat werkersklasgemeenskappe in die Wes-Kaap die hoof moet bied; erkenning gee dat die Vergadering teen die agtergrond van 'n groter wordende krisis van onderontwikkeling byeengeroep is wat deur werkloosheid, armoede, ongelykheid, verbrokkelende munisipaliteite, korrupsie, geweldsmisdaad, hongerte en die

voortgesette marginalisering van werkersklasgemeenskappe gekenmerk word; kennis neem dat die doelwit van hierdie inisiatief is om ’n beginselvaste en verenigde populêre front op te bou wat in staat is om gemeenskappe te verdedig, die stryd op voetsoolvlak te versterk, mense se eise te bevorder, en demokratiese deelname aan die stryd om ’n beter lewe vir almal te bevorder; en dus ’n beroep doen op die steun en verwelkoming van die Mensevergadering as ’n belangrike platform vir die mobilisering van gemeenskappe, populêre deelname en gesamentlike optrede in die strewe na maatskaplike en ekonomiese geregtigheid vir die mense van die Wes-Kaap.

7. Mnr M B Ngqentsu: Dat die Huis die roekelose optrede van die Voorsitter van die Nasionale Vergadering se Portefeuljekomitee oor Polisie, Ian Cameron, veroordeel vir sy herhaalde gewoonte om sensitiewe polisiërings- en sekuriteitsaangeleenthede in die openbare domein te plaas op ’n manier wat die bedryfsdoeltreffendheid van agentskappe vir wetstoepassing in moontlik ondermyn; erkenning gee dat Suid-Afrika ’n diepe krisis van geweldsmisdaad, georganiseerde misdadigheid en aanvalle op wetstoepassingspersoneel die hoof moet bied, wat verantwoordelike leierskap en die beskerming van sekuriteitsinligting vereis; verder met kommer kennis neem dat Ian Cameron toenemend sy posisie as Voorsitter gebruik om politieke gevegte te voer en openbare veldtogte uit te voer wat die lyn tussen regmatige toesig en politieke bevordering verduister; erkenning gee dat parlementêre toesig die polisie se kapasiteit om misdaad te beveg en gemeenskappe te beskerm, moet versterk, nie verswak nie; glo dat die openbare bekendmaking van sensitiewe sekuriteitsaangeleenthede vir politieke gewin nie deursigtigheid of verantwoordingspligtigheid dien nie, maar eerder die gevaar inhou om misdadige elemente aan te spoor en openbare vertroue in staatsinstellings te ondermyn; dus ’n beroep doen op hierdie Huis om Ian Cameron se onverantwoordelike benadering tot aangeleenthede wat met nasionale sekuriteit en polisiëring verband hou, te veroordeel, en om te herbevestig dat toesig uitgevoer moet word op ’n manier wat die sekuriteitsbelange van die Republiek en die bedryfsintegriteit van die Suid-Afrikaanse Polisiediens beskerm.

8. Mnr M B Ngqentsu: Dat die Huis met diepe kommer kennis neem van die massaskietvoorval wat op 2 Junie 2026 in Nyanga plaasgevind het, waartydens vier mense dood en twee ander ernstig beseer is in ’n aanval wat vermoedelik taxiverwant was; verder kennis neem dat hierdie voorval, saam met onlangse moorde en stemnotas wat die rondte doen wat aan spanning in die taxibedryf gekoppel is, die vermoë het om die onlangse verbintenisse tot vrede te ondermyn wat deur Cata en Codeta gemaak is, wat deur gemeenskappe in die provinsie verwelkom is; erkenning gee dat herhaalde geweld steeds vrees en onsekerheid in werkersklas-gemeenskappe aanvuur, waar inwoners dikwels in die spervuur van misdadige en taxiverwante geskille beland; innige meegevoel betuig met die families van die oorledenes en die beseerdes ’n spoedige herstel toewens; ’n beroep doen op die SAPD om diegene wat die daad gepleeg het, dringend vas te trek en om alle beskikbare hulpbronne, insluitende beeldmateriaal van die Stad Kaapstad se geslotekringtelevisie-kameranetwerk, in te span om ondersoeke te help en suksesvolle vervolgings te verkry; met kommer kennis neem dat, ondanks herhaalde bewerings oor die waarde van die Stad se infrastruktuur vir waarneming om misdaad te bekamp, inwoners van werkersklastownships steeds rampspoedige voorvalle van geweld ervaar, wat ernstige vrae wek oor of hierdie stelsels voldoende ontplooi en doeltreffend aangewend word in gemeenskappe wat die meeste deur misdaad geraak word; verder ’n beroep doen op die Wes-Kaapse Regering om inisiatiewe vir misdaadvoorkoming te versterk, om ingrypings vir gemeenskapsveiligheid te verbeter, en om hul te beywer vir blywende oplossings vir

herhaalde taxiverwante misdaad en ander soorte geweldsmisdaad wat gemeenskappe in die provinsie raak; en herbevestig dat alle inwoners die reg het om in veilige en beveiligde gemeenskappe sonder vrees, geweld en wetteloosheid te woon.

9. Me P Z Lekker: Dat die Huis met ernstige kommer kennis neem van berigte dat ’n inwoner van Seepunt omvattende skade aan eiendom gely het wat na bewering deur voortgesette bou-aktiwiteite van ’n naburige multiverdiepingontwikkeling veroorsaak is, insluitende skade aan ’n grensmuur, gekraakte vensters, strukturele versteuring en ernstige geraas- en omgewings-ontwrigting; verder kennis neem dat die inwoner hierdie kwessies met die Stad Kaapstad, die wyksraadslid en die ontwikkelaars geopper het, maar steeds beduidende ontwrigting aan haar huis en eiendom ervaar namate bouwerk langs haar woning voortgaan; verder kennis neem dat hierdie voorval die toenemende spanning tussen vinnige stedelike verdigting en die beskerming van bestaande inwoners se eiendomsregte beklemtoon, veral in sones vir hoëdigtheidsontwikkeling, soos Seepunt, waar bou-aktiwiteite toegeneem het en, in sommige gevalle, kommer gewek het oor die nakoming van boustandaarde, toepassing van boulynregulasies, en die toereikendheid van moniteringsmeganismes deur die toepaslike owerhede; kennis neem dat inwoners toenemend met duur regsmiddele moet voortgaan ten einde hul huise te beskerm en om verantwoordingspligtigheid te verseker; erkenning gee dat, terwyl stedelike ontwikkeling vir ekonomiese groei en ruimtelike transformasie nodig is, dit nie ten koste van inwoners se grondwetlike regte op eiendom, veiligheid en ’n omgewing moet plaasvind wat skadelik vir hul welstand is nie; en dus ’n beroep doen op die Stad Kaapstad en die toepaslike provinsiale owerhede om die bewerings van skade dringend te ondersoek, om streng nakoming van die goedgekeurde bouplanne en bouregulasies te verseker, om toepassingsmaatreëls te versterk, en om toepaslike remediërende stappe en beskerming aan inwoners te bied wat geraak is, waar nalatigheid en nienakoming geïdentifiseer is.

*Kyk ook:* Me N D Nkondlo (bl 10); Me B Stoffel (bl 10); Me P Z Lekker (bl 10); Me A P Bans (bl 10); Mnr K Brinkhuis (bl 11); Mnr T C R Walters (bl 11); Mnr D W Bryant (bl 12); Mnr D J Wessels (bl 12); Mnr P Johnson (bl 12); Me W F Kaizer-Philander (bl 12); Me R Windvogel (bl 12); Me P Z Lekker (bl 13); Me N D Nkondlo (bl 13); Me N D Nkondlo (bl 14).